The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

Ornico
KNOW HOW. TO GROW

VROUEKEUR 2016/11/18 Page: 20

AVE: 23848.85 (ZAR)

STRAATSOIREES OP STELLENBOSCH

Die gewilde **Stellenbosch-straatsoirees** keer hierdie maand terug na die Eikestad. Dit sal elke tweede en laaste week van die maand gehou word en mense sal goeie wyn, kos en musiekvermaak kan geniet.

Die eerste een van die seisoen word op 16 November in Drostdystraat gehou. Dit word van 18:00 tot 20:00 gehou en vir R70 kry jy 'n wynglas en geleentheid om na hartelus al die wyne te proe en daar is ook heerlike straatkos te koop.

Vir meer inligting, bel 021 886 4310 of besoek www.wineroute.co.za

Skryf dit in jou DAGBOEK

Deur ZERELDA ESTERHUIZEN

'N PRETTIGE PANTO

Janice Honeyman se bekende panto-mimes is al sinoniem met die feestyd. Haar ***Robin Hood and the Babes in the Wood*** is nog tot 30 Desember by die Mandela, Joburg Theatre, te sien.

Die rol van Robin word deur **Izak Davel** vertolk, **Desmond Dube** is Friar Tuck, **Carmen Pretorius** is Marian, Bongi Mthombeni speel Will Scarlet en Kate Normington is in die rol van Silly Sylviana te sien. Kaartjiepryse wissel.

Besoek www.joburgtheatre.com of bel 0861 670 670

MUSIEK & MOTORFIETSE

BMW Motorrad, die BMW-groep se motor-fietsafdeling, bied op 26 en 27 November die **Pure & Crafted SA-fees** aan. Dit is 'n musiek-en-motorfiets-fees met topvermaak deur onder andere The Parlotones, heerlike kos en drinkgoed en selfs waagtoertjies. Dit word by Ground in Muldersdrift gehou.

Besoek https://pureandcraftedsa.nutickets.co.za/3147

PIEKNIEK OP BOSCHENDAL

Moeg vir tradisionele Sondagmiddag-etes? Boschendal-landgoed hou heer-like **pieknieks** met musiekvermaak.

Die volgende pieknieks is op 27 No-vember wanneer Coda Afrika optree, en op 4 Desember wanneer Blair Taberer optree. 'n Piekniekmandjie vir twee kos R495 en 'n piekniekmandjie vir vier kos R980.

Musiek begin om 13:00.

Bespreek jou plek by reservations@boschendal.co.za of 021 870 4274



KERSMARKTE!

Die **15de Kaapse Geskenkemark** word van 22 November tot 4 Desember in die Seepunt-stadsaal gehou. Daar gaan lief-like geskenkidees wees en 'n koffiekroeg waar jy asem kan skep.

Meer inligting by Geskenkemark@gmail.com of bel 082 4113981

Die Transoranje Skool vir Dowes bied vanjaar hul 20ste **Kersmark** aan. Hierdie gewilde mark is die skool se grootste fondsinsameling om in al die spesiale be-hoeftes van hul leerders te voorsien. Die mark word van 25 November tot 4 De-sember by die Transoranje-skoolterrein in Pretoria gehou.

Kry nog inligting by 012 386 072 of www.transoranje.webs.com

Gebeur daar iets in jou omgewing wat jy met ons wil deel? Jy kan dit self op www.vrouekeur.co.za plaas

As daar enige interessante uitstallings, opvoerings of skoue in jou omgewing plaasvind, stuur die inligting na zereldae@caxton.co.za